WBS Pinkster Reeks 2020 Mei 29

Dag 9 van 10:

Skakel na video: https://youtu.be/iakqHdWMbj4

1. **Tema vir Dag 9:**

1.1. Hulle sê … WAT sê hulle?!:

1.2. "Skryf mense af wat nie wil saamstem nie…"

1.3. Agtergrond gedagte:

Hoe belê ek en jy in die mense om ons? Hoe kosbaar is mense kontak vir jou? Kan jou gesinsmense sien aan jou optrede en manier waarop jy hulle hanteer, dat hulle kosbaar is vir jou? Is jy meer 'n taak-gerigte mens, of 'n mens-mens? Hanteer jy mense so, dat hulle graag weer saam met jou kuier? Bring jy die beste in

ander na vore? Hanteer jy mense waardig, of onwaardig? Of is mense net 'n middel tot 'n doel? Is bv jou selfoon belangriker as die mense om jou etenstafel?

Tydens 'n onderhoud word aan die kandidaat die volgende vraag gestel: Jy ry op 'n koue reënerige dat by 'n busstop verby waar 3 mense op die bus wag. Die eerste is jou droom meisie / kêrel. Die tweede is jou beste vriend. Die derde is 'n bejaarde dame wat ernstig siek is en hospitaal toe moet gaan. Jy het een sitplek in jou motor. Wie sal jy oplaai en wie los jy? Wat sou jy doen in daardie situasie – dink gou en antwoord dit…

Uit Romeine 12 en Efesiërs 4 kry ons 'n paar belangrike beginsels wat ons kan toepas in elke verhouding waarin ons staan. **Die volgende <u>BEGINSELS</u> hoort in elke mens-tot-mens-verhouding.**

1. Wees beskeie en nederig en weeslief vir ander (naaste) soos jy ook vir jouself is.
2. Ken jou plek en rol (God se doel vir jou) en wees opbouend betrokke met jou besonderse gawes binne die Liggaam (kerkgemeenskap) – diensbaar tot andere.
3. Wees vriendelik met 'n gees van sagtheid, sodat jy woorde van léwe kan spreek.
4. Geduld beteken om vas te byt en om lank-van-moed met mekaar te wees om die Bybelse doel te bereik. Om 'n bemoediger te wees, soos Barnabas in Handelinge 13+.
5. Om vrede te help skep. Dis om 'n lewens ingesteldheid te hê wat sê: Niks wat mense doen, sal veroorsaak dat ek nie ook vir hulle die beste sal soek nie. Dis 'n keuse oor hoe ek ander hanteer, al sou hul my emosioneel seermaak. Dis om die kwade met die goeie te oorwin.

Een kandidaat tydens die onderhoud het kreatief buite die normale "boks" gedink. Dis belangrik om die siek dame by die hospitaal te kry – daarom sal hy sy motor sleutels vir sy beste vriend wat hy kan vertrou, gee om die bejaarde dame hospitaal toe te neem. Dan sal hy saam met die meisie van sy drome wag op die bus.

Klink eenvoudig genoeg, nê?! Maar pas dit nou toe in die dolle vaart waarmee ons so dikwels leef … daar is letterlik nie behoorlik tyd om etiese keuses te maak volgens ons lewenswaardes nie. Covid-19 het ons 'n asemhaal breuk gebied, om ons lewens etiek en waardes weer te ondersoek en in plek te kry.

2. **Kuier om die tafel**:

2.1. **Volg** die instruksies van elke Pinkster-dag so goed moontlik;

2.2. **Nooi** jou gesin uit om saam met jou om die tafel te sit;
(dalk kan jy met iemand ander 'n "video call" gesprek voer as jy alleen is…)

2.3. **Bely** die volgende verklaring:
Omdat ons in Jesus glo …
…***IS*** ons anders,
…***Kyk*** ons anders
…***Lééf*** ons anders,

2.4. **Gebeds-tyd**:

2.4.1. Maak tyd vir Gebed en vra die Here om Self met jou / julle te praat;

2.4.2. Bid vir die familie, die gemeente, die land, die effek van die covid-19 pandemie.

2.5. **Fokus op** mekaar – ons praat **oor mense**:

2.5.1. Wat is die langste wat jul al op ‘n plek gebly het? Was was die lekkerste daar?

2.5.2. Waar sou jy graag wil bly? En waarom dink jy juis aan daardie plek?

2.5.3. Wie het die grootste invloed tot dusver op jou lewe gehad? Waarom juis die persoon?

2.6. **Fokus op God - Gesels** met mekaar **oor God**:

2.6.1. Vir wie het die Here oor jou lewenspad gestuur, wat groot opofferings vir jou (of jou gesin) gemaak het?

2.6.2. Dank die Here vir spesiale mense wat Hy oor jou lewenspad gestuur het, mense wat jou lewe verryk het of op ‘n nuwe koers help stuur het.

2.7. **Skrif** oordenking: **Kolossense 3:18-22.**

2.7.1. Lees die aangeduide Skrifgedeelte in meer as een vertaling;

2.7.2. Lees die betrokke Skrifgedeelte ‘n twee keer deur;

2.7.3. Wat staan vir jou uit of “praat” met jou? Skryf dit iewers neer om nou-nou te deel.

2.8. **Video** inleiding:

2.8.1. Luister nou na die video.

2.9. **Kuier saam rondom die Tema**:

2.9.1. As jy na Kol.3:18 (vgl. Efes.4) kyk, word daar ‘n ding genoem waarteen die moderne vrouens betoog: om onderdanig te wees aan haar man. Gesels met mekaar oor hierdie ingesteldheid, vanuit die hoek dat “onderdanig” dieselfde betekenis het as die “pilaar van ‘n brug”.

2.9.2. Wat sou Kol.3:19 (vgl Ef.4)bedoel as die mans hul vrouens genoeg lief behoort te hê om nie die “lewe bitter (te) maak” nie? (Ander vertalings vir “bitter” = do not be harsh with them / be not bitter against them / do not abuse her / julle moet hulle nie laat swaarkry nie (Boodskap).

2.9.3. Wat sê Kol3:20-21 (vgl. Ef.4) oor die volgende stelling: “Wanneer ouers hulle kinders met respek en waardigheid hanteer en hul opinies en idees ook in ag neem en kan waardeer, sal kinders nie voel dat ouers hul net kritiseer en voorwaardelik liefhet nie.” Hoe help die **beginsels** in die **agtergrond gesprek** jou hiermee?

2.9.4. **Fokus na buite** – Gesels oor ons **medemens**:

2.9.4.1. Hoe lyk verhoudings tussen kinders en ouers deesdae? wat sou nodig wees om dit in lyn te kry met wat God van gelowiges vra (kyk weer na die BEGINSELS in “Agtergrond”).

2.9.4.2. Watter verbintenis (“Commitment”) dink jy vra Jesus vandag van ons teenoor die mense in ons geloofs-families (kerk) en die gemeenskap rondom ons? Is daar ook mense in die gemeente wat verhoudinge beskadig omdat hul baas-spelerig teenoor

ander begin raak? Hoe moet ‘n gemeente dit hanteer, volgens die Bybel?

2.9.4.3. Gesels oor die Bybelse opdrag “Moenie net werk om raakgesien te word nie”. Wat is die ervaring deesdae in die werkplek rondom hierdie Bybelse stelling?

2.9.4.4. Wat kan ‘n werkgewer en werknemer van elkeen se kant af doen om die verhoudinge in die werkplek so goed moontlik te maak? Wat kan ‘n gelowige werknemer doen as die werkgewer hul onbillik behandel?

2.10. **Aanvullende Bybelteks**:
Lees gerus **en Efesiërs 4:1-3 en Kolossense 3:1-3, 7-8, en 12-15.**

2.11. **Gebeds-Aksie**:

2.11.1. Bid om deur die Heilige Gees se hulp die beginsels van God se Koninkryk sigbaar te maak in jou verhoudinge met elke ander mens.

2.11.2. Bid vir ons familie en vriende om deur die Woord van God aangeraak en nader aan mekaar gebring te word.

2.12. **Afsluiting** tot môre:

2.12.1. Herinner mekaar daaraan om môre weer saam te kom vir die opvolg-dag.

TEKS van Dag 9:

Kolossense 3:

(1) Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. (2) Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, (3) want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

(7) Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. (8) Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan (*lees gerus die res ook*)

(12) Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. (13) Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. (14) Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. (15) En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.

(18) **Vrouens**, wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo. (19) **Mans**, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie. (20) **Kinders**, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo. (21) **Vaders**, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie. (22) **Slawe**, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. **Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here. (23) Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie**

Efesiërs 4:

(1) Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. (2) Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. (3) Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.